

# Die pad na geloof



## SABBATMIDDAG

### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

*Galasiërs 3:21–25; Levitikus 18:5; Romeine 3:9–19; 1 Korintiërs 9:20; Romeine 3:1, 2; 8:1–4.*

### Geheeteks:

“Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word” (*Galasiërs 3:22*).

**V**lugduiwe is lank reeds bekend vir hul vermoë om honderde kilometers ver op 'n dag te vlieg en dan met verstommende akkuraatheid by hulle bestemming aan te kom. En tog is daar nog steeds van die beste vlugduiwe wat met tye gedisorïenteer raak, en nooit weer terugkeer na hulle tuiste nie. Die ergste voorval het in Londen plaasgevind toe ongeveer twintig duisend voëls (meer as R8,5 miljoen werd) nooit weer by hulle bestemmings opgedaag het nie. Soos die meeste van ons al op een of ander wyse ervaar het, is dit glad nie lekker om gedisorïenteer of verlore te wees nie. Dit vul ons met vrees en angs; en dit gee aanleiding tot oomblikke van paniek ook.

Dieselfde is waar in die geestelike sfeer. Selfs nadat ons Christus aanvaar het, kan ons verlore raak of verdwaal, selfs tot op die punt waar ons nooit weer na die Here terugkeer nie. Die goeie nuus is eger dat God ons nie aan onself oorlaat nie. Hy het die pad na geloof uitgestippel, soos dit geopenbaar is in die evangelie, en daardie pad sluit die wet in. Baie mense poog om die wet van die evangelie se skei; sommige ag dit selfs as teenstrydig. Hierdie siening is nie net foutief nie, maar dit kan ook tragiese gevolge hê. Sonder die wet het ons geen evangelie nie. Dis eintlik baie moeilik om die evangelie sonder die wet te begryp.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 12 Augustus.*

## Die wet en die belofte

**“Is die wet dan teen die beloftes van God?”**(Gal. 3:21).

Kan Paulus se opmerkings daartoe aanleiding gee dat sy teenstanders tot die gevolgtrekking kom dat hy ‘n neerhalende beskouing van die wet het? Of kan sy uitlatings oor die voorkeur van God se beloftes bloot ‘n verskuilde afkeur aan Moses en die Torah wees? Paulus vra presies hierdie vraag: “Is die wet dan teen die beloftes van God?” Hierop antwoord Paulus beslis: “Nee, stellig nie!” Om tot so ‘n gevolgtrekking te kom, is onmoontlik, want God kan nie teen Homself wees nie. God het beide die belofte en die wet gegee. Die wet en die belofte staan nie oneens met mekaar nie. Die twee het bloot verskillende rolle en funksies om te vervul in God se groot verlossingsplan.

**Watter verwronge konsepte het Paulus se teenstanders aangaande die rol van die wet gehad? Vergelyk Gal. 3:21, Lev. 18:5, en Deut. 6:24.**

---

Hierdie mense het geglo dat die wet in staat was om hulle geestelike lewe te gee. Hulle sieninge het waarskynlik voortgespruit uit ‘n misplaasde interpretasie van Ou Testamentiese teksgedeeltes soos Levitikus 18:5 en Deuteronomium 6:24, waar die wet rigting gee oor hoe die lewe geleef moet word deur diegene wat aan God se verbond vashou. Die wet het die lewe in die verbond gerig, maar hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat die wet die oorsprong van ‘n persoon se verhouding met God is. Die Bybel is egter duidelik; die vermoë om “lewend te maak” is ‘n krag wat deur God en Sy Gees alleen uitgeoefen word (2 Konings 5:7, Neh. 9:6, Joh. 5:21, Rom. 4:17). Die wet kan nie enigeen geestelik lewend maak nie. Dit beteken egter nie dat die wet in opposisie met God se belofte staan nie. Oor die soeke na bewyse dat die wet nie oor die moontlikheid beskik om lewe te gee nie, skryf Paulus in Galasiërs: 3:22: “Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde”. In Romeine 3:9–19 haal Paulus uit ‘n reeks verse van die Ou Testament aan om te wys hoe sleg ons is. Hierdie gedeeltes word nie lukraak aan mekaar gelas nie. Hy begin met die hart van die sondeprobleem – die selfsugtige houding wat die menslike hart treiter. En dan beweeg hy na die verse wat die sonde se verspreiding beskryf, en uiteindelik die universaliteit daarvan.

Wat is sy punt? Weens die omvang van sonde en die beperkings van die wet, kan die belofte van die ewige lewe slegs na ons toe kom deur die getrouheid van Christus om ons onthalwe. Hierdie is weer eens die groot waarheid wat stukrag verleen het aan die Protestantse hervorming.

**Al kan die wet ons nie red nie, watter groot voordele is daaraan verbonde om die wet te onderhou? Is daar enigiets prakties wat jy al in jou lewe ervaar het deur gehoorsaam te wees aan God se wet?**

## “Onder die wet in bewaring gehou”

In Galasiërs 3:23 skryf Paulus: “Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou.” Met “ons” bedoel Paulus die Joodse gelowiges in die Galasiese kerke. Hulle was die kerke wat vertrou was met die wet, en Paulus het veral met hulle gepraat sedert Galasiërs 2:15. Dit kan gesien word in die onderskeid tussen die “ons” in Galasiërs 3:23 en die “julle” in Galasiërs 3:26. . Galasiërs 3:23 lees eintlik: “Voordat geloof gekom het”; maar in die letterlike Grieks lees dit so: “voordat die geloof gekom het”. Aangesien Paulus die plek van die wet voor en na Christus teenoor mekaar stel (*Gal. 3:24*), is “die geloof” waarskynlik ‘n verwysing na Jesus self en nie ‘n verwysing na die Christelike geloof in die algemeen nie.

**Paulus sê dat die Jode “onder die wet bewaak” is, voordat Christus gekom het. Wat bedoel hy met “onder die wet”? Vergelyk *Gal. 3:22, 23* met *Rom. 6:14, 15*; *1 Kor. 9:20*; *Gal. 4:4, 5, 21*; *5:18*.**

---

---

---

Paulus gebruik die frase “onder die wet” twaalf keer in sy briewe. Afhangend van die konteks, kan dit ‘n aantal verskillende konnotasies hê.

1. “Onder die wet” as ‘n alternatiewe wyse van verlossing (*Gal. 4:21*). Die teenstanders in Galasiërs het gepoog om lewegewende regverdigmaking deur gehoorsaamheid te verkry. Maar soos Paulus dit al duidelik gemaak het, is dit onmoontlik (*Gal. 3:21, 22*). Paulus wys dit selfs later uit, dat om te verkies om onder die wet te wees, die Galasiërs eintlik Christus verwerp het (*Gal. 5:2–4*).

2. “Onder die wet” in die sin van onder sy veroordeling (*Rom. 6:14, 15*). Omdat die wet geen versoening vir sonde kan bewerkstellig nie, loop die oortreding van sy voorskrifte uit op veroordeling. Alle mense bevind hulleself in hierdie toestand. Die wet dien as ‘n soort tronkbewaarder wat almal toesluit wat die wet oortree het en die doodstraf oor hulleself gebring het. Ons sal in môre se studie sien hoe die woord in bewaring (“gevange gehou” – AFR83) gebruik word, wat ‘n aanduiding is van wat Paulus bedoel met “onder die wet” in hierdie teksgedeelte (*Gal. 3:23*).

‘n Verwante Griekse woord, *ennomos*, word gewoonlik as “onder die wet” vertaal, en dra die betekenis om letterlik “in die wet” te wees, en dit verwys daarna om binne die vereistes van die wet deur eenheid met Christus te leef (*1 Kor. 9:21*). Deur te poog om “die werke van die wet” te onderhou, is so goed as om die wet sonder Christus te hou, dit is onmoontlik om geregverdig te word, want slegs diegene wat geregverdig is deur die geloof, sal lewe (*Gal. 3:11*). Hierdie waarheid doen nie weg met die wet nie; dit is ‘n aanduiding dat die wet ons nie die ewige lewe kan gee nie. Daarvoor is dit heeltemal te laat.

## Die wet as ons “bewaker”

Paulus gee twee basiese gevolgtrekkings oor die wet: (1) die wet maak nie God se belofte aan Abraham tot niet, of skaf dit af nie (*Gal. 3:15–20*); (2) die wet staan nie in opposisie teen die belofte nie (*Gal. 3:21, 22*). Watter rol speel die wet dan in werklikheid? Paulus skryf dat dit bygevoeg is “weens die oortredinge” (*Gal. 3:19*), en hy brei verder op hierdie idee uit deur drie verskillende woorde of frases in verband met die wet te gebruik: bewaak (vers 23, AFR83), onder die toesig (vers 23, AFR83), en tugmeester (vers 24, AFR53).

### Lees weer nadenkend deur Galasiërs 3:19–24. Wat sê Paulus oor die wet?

---

Die meeste moderne vertalings interpreteer Paulus se opmerkings oor die wet in Galasiërs 3:19 in algehele negatiewe terme. Maar die Grieks is nie naastenby so eensydig nie. Die Griekse woord wat as “bewaak” vertaal word (vers 23) beteken letterlik “om bewaar te word”. Al kan dit in ‘n negatiewe sin gebruik word, soos om “gevang te hou” of “opgesluit” te wees (*2 Kor. 11:32*), word dit in die Nuwe Testament gewoonlik in ‘n positiewe sin van “beskerming” of “bewaring” gebruik (*Filip. 4:7, 1 Pet. 1:5*). Dieselfde is waar van die woord wat as “gevang gehou” vertaal word (*Gal. 3:23, AFR83*). Dit kan beteken om “toegesluit” te wees (*Gen. 20:18*), “ingesluit” (*Eksod. 14:3, Josua 6:1, Jer. 13:19*), “gevang” (*Lukas 5:6, AFR83*), of weer “ingesluit” (*Rom. 11:32*). Afhangend van die konteks, toon hierdie teksgedeeltes aan dat hierdie woord beide negatiewe of positiewe konnotasies kan hê.

### Watter voordele het die wet (moreel en seremonieel) aan die kinders van Israel gebied? *Rom. 3:1, 2; Deut. 7:12–24; Lev. 18:20–30*.

---

Alhoewel Paulus in negatiewe terme oor die wet kan praat, (*Rom. 7:6, Gal. 2:19*), het hy ook heelwat positiewe dinge om daarvoor te sê (*lees Rom. 7:12, 14; 8:3, 4; 13:8*). Die wet was nie ‘n vloek wat God op Israel geplaas het nie; trouens, dit was bedoel om ‘n seëning te wees. Al kon die offerstelsel uiteindelik nie sonde verwyder nie, het dit vooruit gewys na die beloofde Messias wat dit wel kon doen. Sy wette het die menslike gedrag gelei en gerig om Israel te beskerm van die talle euwels wat ander antieke beskawings geteister het. In die lig van Paulus se positiewe kommentaar elders oor die wet, sou dit ‘n fout wees om sy kommentaar hier in ‘n totaal negatiewe lig te beskou.

**Dink aan iets goed wat misbruik word. Byvoorbeeld, medisyne wat ontwikkel is om ‘n siekte te genees, maar wat gebruik word as ‘n dwelm. Watter voorbeelde van hierdie beginsel het jy in jou eie lewe gesien? Hoe kan ons kennis van iets goed wat misbruik word, ons help om te begryp waarmee Paulus hier te kampe het?**

## Die wet as ons tugmeester

**In Galasiërs 3:23 beskryf Paulus die wet as ‘n bewakende en beskermende krag. Waarmee vergelyk hy dit in vers 24, en wat is die betekenis daarvan?**

Die woord was as “tugmeester” vertaal word (*E: “schoolmaster”-KJV*) kom van die Griekse woord *paidagogos*. Sommige ander vertalings vertaal dit as “kinderopvoeder” (NLV), “wag” (ABA), “oppasser” (DB), maar geen enkele woord kan die volle essensie daarvan vasvat nie. Die *paidagogos* was ‘n slaaf in die Romeinse gemeenskap wat in ‘n gesagsposisie aangestel is oor sy meester se seuns vandat hulle ses of sewe jaar oud geword het, totdat hulle volwassendheid bereik het. Behalwe om aan die kinders se fisiese behoeftes te voorsien, soos om hulle te bad, te voer, aan te trek en te beskerm teen enige gevaar, moes die *paidagogos* verantwoordelikheid neem vir sy meester se seuns om skool toe te gaan en te sorg dat hulle huiswerk gedoen is. Nie net moes hy hulle onderrig en morele waardes aanleer nie, maar ook seker maak dat die kinders self hierdie waardes prakties uitleef.

Alhoewel sommige pedagoë beslis goedhartig en geliefd was, was die oorheersende beskrywing van hierdie mense een van streng dissipline. Hulle het gehoorsaamheid afgedwing, nie slegs deur harde dreigemente en teregwydings nie, maar ook deur lyfstraf en ‘n pak slaag. Paulus se beskrywing van die wet as ‘n pedagoog klaar sy begrip oor die rol van die wet duidelik op. Die wet was bygevoeg om sonde uit te wys en instruksies te verskaf. Die basiese kenmerk van hierdie taak beteken dat die wet ook ‘n negatiewe aspek daaraan verbonde het, en dis om daardie rede dat die wet ons as sondaars tereg wys en veroordeel. En tog gebruik God hierdie “negatiewe” aspek van die wet tot ons voordeel, want die veroordeling wat dit bring, dryf ons na Christus toe. Daarom is die wet en die evangelie dus nie teenstrydig nie. God het hulle so ontwerp om saam te werk vir ons verlossing.

“In hierdie Skrif [*Gal. 3:24*] spreek die Heilige Gees deur die apostel veral oor die morele wet. Die wet maak sonde aan ons bekend, en noop ons om ons behoefte aan Christus te besef. Ons moet as’t ware tot Hom vlug vir vergifnis en vrede deur ons tot God te bekeer, deur geloof in ons Here, Jesus Christus.”—Ellen G. White, *Selected Messages*, book 1, p. 234 – vry vertaal.

**Hoe lank gelede het jy jou woorde en gedagtes met die wet vergelyk? Doen dit sommer nou, nie net met die letter van die wet nie, maar ook met die gees van die wet (*Matt. 5:28, Rom. 7:6*). Hoe goed het jy gevaar? Wat sê jou antwoord oor die punt wat Paulus in hierdie brief wil tuisbring?**

## Die wet en die gelowige (*Gal. 3:25*)

Talle het Paulus se opmerking in Galasiërs 3:25 as 'n algehele ontkenning van die wet geïnterpreteer. Dit maak egter min sin, veral in die lig van Paulus se positiewe opmerkings oor die wet op ander plekke in die Bybel.

Wat is sy bedoeling dan hiermee? Eerstens is ons nie langer onder die wet se veroordeling nie (*Rom. 8:3*). As gelowiges is ons in Christus en geniet ons die voorregte daarvan om onder die genade te wees (*Rom. 6:14, 15*). Dit gee aan ons die vryheid om Christus heelhartig te dien, sonder vrees om veroordeel te word vir foute wat ons in die proses mag begaan. Dit is wat ware vryheid in die evangelie is, iets wat radikaal verskillend is as om 'n wet te gehoorsaam – waarop sommige mense aanspraak maak dat dit “vryheid” in Christus is. Maar ongehoorsaamheid aan die wet is egter sonde – en sonde is enigiets behalwe vryheid (*Joh. 8:34*).

**Lees Romeine 8:1–3. Wat beteken dit om nie langer deur die wet veroordeel te word nie? Hoe behoort hierdie wonderlike waarheid 'n invloed te hê op die wyse waarop ons leef?**

---

---

As gevolg daarvan om deur Christus vergewe te wees, is ons verhouding met die wet nou anders. Ons word nou geroep om 'n lewe te lei wat aanneemlik vir Hom sal wees (*1 Tess. 4:1*); Paulus verwys hierna as “deur die Gees laat lei” (*Gal. 5:18*). Dit beteken nie dat die morele wet nie langer van toepassing is nie – dit was nog nooit die vraagstuk nie. Hoe kon dit wees indien ons so duidelik gesien het dat dit die wet is wat sonde omskryf?

Trouens, omdat die wet 'n weerspieëling van God se karakter is, weerkaats ons eenvoudig Sy karakter deur aan die wet gehoorsaam te wees. Maar bo en behalwe dit, volg ons nie net bloot 'n stel reëls nie, maar eerder die voorbeeld van Jesus, wat vir ons doen wat die wet self nooit kon doen nie: Hy skryf die wet op ons harte (*Heb. 8:10*) en maak dit moontlik vir die regverdige vereistes van die wet om in ons vervul te word (*Rom. 8:4*). Dus, deur ons verhouding met Jesus het ons die krag om aan die wet gehoorsaam te wees soos nog nooit tevore nie.

**Lees Romeine 8:4. Wat sê Paulus hier? Hoe het jy hierdie belofte al sien neerslag vind in jou eie lewe? Terselfdertyd, watter positiewe veranderinge jy ookal ondervind het, waarom moet verlossing altyd gebaseer wees op wat Christus vir ons gedoen het, en niks anders nie?**

## Verdere leeswerk:

“Ek is gevra oor die wet in Galasiërs. Met watter wet bring die tugmeester ons na Christus? Ek antwoord: Beide die seremoniële en die morele kodes van die tien gebooie. “Christus was die grondslag van die hele Joodse ekonomie Die dood van Abel was as gevolg van Kain se weiering om God se plan in die skool van gehoorsaamheid te aanvaar om verlos te word deur die bloed van Jesus Christus, soos dit uitgebeeld is deur die offerstelsel wat na Christus wys. Kain het geweier dat bloed gestort word, wat simbolies was van Christus se bloed wat vir die wêreld gestort moes word. Hierdie hele seremonie is deur God voorberei, en Christus het die grondslag van die hele stelsel geword. Dit is die begin van die werk as tugmeester, om sondige menslike agente tot besinning oor Christus, die Grondslag van die hele Joodse bestel, te bring.

“Almal wat diens in die heiligdom gedoen het, is gedurig onderrig oor die ingryping van Christus om die mensdom se onthalwe. Hierdie diens is ontwerp om ‘n liefde vir die wet van God in elke hart te kweek, wat die wet van Sy koninkryk is.”—Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, p. 233 – vry vertaal. “Die wet van tien gebooie moet nie soseer beskou word as iets wat verbied nie, eerder as iets genadig. Die verbodsbepalings is die besliste waarborg van geluk in gehoorsaamheid. Soos dit in Christus ontvang is, bewerk dit ‘n reinheid van karakter in ons wat blydschap deur al die eeue sal bring. Vir die gehoorsame is dit ‘n beskermingsmuur.”—Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, p. 235 – vry vertaal.

## Vrae om te bespreek:

- 1. Ons worstel dikwels met die vraag oor hoe ons sonde in ons lewens kan oorkom. Watter beloftes is daar in die Bybel oor die oorwinning oor sonde? Hoe kan ons onself in ‘n gunstiger posisie plaas om hierdie beloftes ‘n werklikheid te maak? Waarom moet ons terselfdertyd waaksaam wees om te verseker dat ons nie ons volle hoop van verlossing op ons eie oorwinnings plaas nie, maar op Christus se oorwinning vir ons?**
- 2. Ons hoor dikwels dat Christene meen die wet is afgeskaf. Maar net so sal hierdie Christene hulle ook uitspreek teen sonde, wat natuurlik beteken dat hulle nie werklik bedoel dat die wet afgeskaf is nie. Maar wat bedoel hulle dan daarmee? (Wenk: In die konteks van watter gebod kom hierdie aanspraak gewoonlik na vore?)**

## Samevatting:

Die wet is gegee om sondaars se behoefte aan Jesus uit te wys. As ‘n bewaker bied dit onderrig oor God en beskerming van boosheid. Maar soos ‘n tugmeester, wys dit ook ons sondigheid uit en bring dit veroordeling. Christus bevry ons van die wet se veroordeling en skryf Sy wet op ons harte.

